**Skriflesing Lukas 9 vers 1-6 en Lukas 10 vers 1-16**
**Tema Missio Dei (om gestuur te wees)**

Iemand vergelyk die kerk met 'n mooi, blink voertuig met veilige sitplekke, 'n goeie radio en knoppies op al die regte plekke, maar die voertuig ry nie. Ons doen alles wat reg is. Ons het 'n klomp aktiwiteite, goeie begeleiding vir die gemeentesang en wonderlike diensterreine wat elkeen hul taak getrou uitvoer. Maar ry ons na die wêreld, na mense wat die Here nodig het en mense in nood?

In 'n gesonde gemeente gebeur daar onderbou, opbou(kom) en uitbou(gaan) Onderbou is die gewone dag-tot-dag bestuur, onderhoud aan geboue, finansies ensovoorts. Geestelik word die gemeente opgebou elke keer wanneer die Bybel oopgemaak word en ons die Here toelaat om met ons te werk. Opbou gebeur in my stiltetyd, by kleingroepe, in eredienste enovoorts. Maar dit kan nie daar bly nie. Die Here roep ons nie net na Hom toe nie - Hy stuur ons ook uit na die wêreld.

Dit is nie net 'n uitgesoekte minderheid, die dominee, kerkraad en sendelinge wat Hy uitstuur nie. God stuur Sy kerk. Die oes is groot. Ons elkeen is 'n arbeider. Ons almal word gestuur. Ons het gelees hoe Hy die 12 en die 72 stuur sonder dat hulle besondere kwalifikasies verwerf het. Ons lees Sy opdrag in Lukas 10 vers 3: "Gaan nou! Maar onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in."

**Dit gaan nie maklik wees om gestuur te wees nie. Daar is 'n gevaar aan gestuurdheid.** Hy stuur ons soos lammers tussen wolwe in.

Daar is meer as een rede waarom Jesus mense twee-twee uitstuur. In die eerste plek is dit gevaarlik en kan twee mense mekaar bystaan. Ons lees daarvan in Prediker 4:9-12:
"9Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets.10As die een val, kan die ander
hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie. 11As
twee langs mekaar slaap, word hulle warm, maar hoe sal een wat alleen is, warm word?
12Een alleen kan oorweldig word, twee saam kan weerstand bied. 'n Driedubbele tou
breek nie maklik nie."

In Jesus se tyd moes twee getuies 'n saak bevestig in 'n hofsaak. Indien ons twee is, kan ons mekaar raad gee en bevestig dat ons getuienis die waarheid is

Om twee-twee uit te gaan is ook lekker en maak ons sterker. Ons kan mekaar moed inpraat wanneer dinge moeilik gaan en dit gaan verseker gebeur. Sommige mense gaan ons nie ontvang nie. Ons gaan weerstand en verwerping ervaar.

**Wat is die doel van ons sending?**
In Luk 10:1 stuur Jesus die 72 uit na elke plek en dorp waarheen Hy nog wil gaan. Hulle is dus wegbereiders vir Jesus. En hulle moet nie kieskeurig wees nie. As gestuurdes moet hulle bly by die huis waar hulle ontvang word. Hulle moet toelaat dat die gasheer die agenda en die spyskaart bepaal. Hulle moet eet en drink wat vir hulle voorgesit word. Hulle moet nie hulle voorkeure op mense afdruk nie. Die belangrikste is dat hulle hegte verhoudings met bou.

Soos die 72, word ek en jy vandag steeds uitgestuur om hierdie slag mense voor te berei vir die tweede koms van Jesus.

Die doel van ons gestuur wees, lê opgesluit in die groetwoorde: "Vrede vir julle". Siekes moet gesond gemaak word. En ons lees twee maal dat die gestuurdes moet aankondig dat die koninkryk van God naby gekom het." Ons kan God se doel met ons uitstuur saamvat in die opdrag dat ons mense moet bereik met die goeie nuus van die verlossing deur Jesus Christus.

Ons word nie gestuur om te dreig en bang te maak nie. Ons bring die boodskap van Sy vrede. Daar is oordeel, maar dit is God se oordeel (Luk 10:13-15). Jesus praat van die oordeel om die dringendheid van ons opdrag te beklemtoon. Ons moet die goeie nuus van verlossing met dringendheid verkondig sodat mense juis Sy oordeel gespaar kan bly.

Omdat ons gestuur-wees so dringend is, gee Jesus in Luk 10:4 vir ons die opdrag om lig te reis. Ons manier van reis moet getuig van ons geloofsvertroue op die Here en van die erns waarmee ons Sy taak aanpak.

Indien ‘n dorp ons nie wil ontvang nie, moet ons die dorp se stof van ons voete afvee. En ons moet nie onnodig sensitief wees indien mense nie na ons wil luister nie. Ons gestuur- wees gaan oor ’n baie groter saak as ons en ons gevoelens wat seergemaak word. Ons lees daarvan in Lukas 10 vers 16: “Wie na julle luister, luister na My; wie vir julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het.”

Is ons gemeente ‘n mooi, blink voertuig met veilige sitplekke, ‘n goeie radio en knoppies op al die regte plekke, maar terselfdetyd ‘n voertuig wat nie ry nie? Soos ‘n voertuig wat nie kan ry nie, beteken ‘n stilstaande gemeente niks nie.

Ons getuienis diensterrein het 7 bedieninge wat ons ondersteun. Ons het hulle na aanleiding van Handelinge 1vers 8 gegroepeer in:  bediening naby aan ons(Jerusalem); bietjie verder (Judea) en ver(Samaria en tot aan die uithoeke van die aarde)

Maar die grootste getuienisaksie is nie die uitreike van die getuienis-diensterrein nie, dit is elkeen van ons as die Here se gestuurdes.  Wanneer laas het jy “gery”? Is jy gehoorsaam wanneer die Here jou stuur na iemand wat Hom nodig het of iemand in nood?

**Amen**